

Posbus 7113, Newtonpark, 6055
Telefoon (041) 3651233
Faks (041) 3652586
h/v Willetstraat en 4de Laan, Newtonpark, 6045

Uitnemendheid begin by omgee

NUUSBRIEF 37

1 November 2019

UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers

PRYSUITDELING
Baie geluk aan al die pryswenners. Ons is baie trots op elke prestasie van ons leerlinge.

EKSAMEN 2019
Graag wil ons almal (veral die ma's) alle voorspoed toewens met die eksamen aan die einde van die jaar. Mag elke leerder die resultate kry wat hy/sy verdien.

Die eksamen begin volgende Woensdag. Indien 'n leerder afwesig is gedurende die eksamen, **moet hulle 'n doktersertifikaat verskaf**, anders kry hulle nul vir die vraestel wat geskryf word.

SKOOLTYE GEDURENDE DIE EKSAMEN VANAF 6 NOVEMBER TOT 4 DESEMBER 2019
Neem asb. kennis dat die skool vanaf **6 November tot en met 3 Desember om 12:00** sal verdaag en op **4 Desember om 10:00.** Hierdie tye is van toepassing vir graad R tot graad 7.

SPORT
Alle skoolsport het die week geëindig sodat leerders genoegsaam tyd het om hulle goed vir die eksamen voor te berei.

VERPLIGTE BENODIGDHEDE: GR 1: 2020
Soos u reeds daarvan bewus is, kan u ons sportklere, skooltas en sportsak ens., slegs by die klerewinkel aankoop. Ons versoek u om asb. die klerewinkel te besoek om die nodige aankope te doen.

Aangesien u kind se naam op die skool-, sportsak, voorskoot en stoelsakkie borduur moet word, moet ons asb. u bestelling voor/op 20 November ontvang. Die betaling daarvan op die laatste 29 November asb.

Die klerewinkel sluit alreeds op Maandag, 2 Desember 2019.

SKOOLTASSE
Ons graad 1-leerlinge moet gebruik maak van die skool se voorgeskrewe tas. Ons het navrae ontvang in verband met die koop van nuwe skooltasse en wil bevestig dat indien u vir u kind in graad 4 en hoër 'n nuwe skooltas in die toekoms wil aanskaf, maroen, swart en donkerblou die enigste kleur skooltasse is wat aanvaarbaar is. Die sportsakke mag slegs dié wees wat by die skool se klerewinkel aangeskaf kan word.

MOVEMBER-MAAND UITDAGING
Ons wil graag elke Pappa van die skool uitdaag om deel te neem aan ons "Movember-maand"-kompetisie. Die koste beloop R10.00 en alle fondse sal geskenk word ten bate van prostaat-kanker. Ons gaan ook die kinders 'n geleentheid gee om aanplak-snorre die laaste Vrydag van November te dra om sodoende ook deel te wees van die kompetisie.

TENNIS-TOERNOOI : 9 NOVEMBER
Op Vrydag, 9 November beplan ons om 'n 0/10 tennis-toernooi te hou by ons sportgronde in Geraldstraat. Die inskrywingsfooi beloop R30.00 per persoon en indien daar enige navrae is kan u vir Mnr. Lance Impey kontak by 082 577 9099.

LAERSKOOL NEWTONPARK FACEBOOKBLAD
Besoek gerus ons skool se amptelike facebookblad, @LaerskoolNewtonpark.co.za, die blad se profielfoto is die skoolwapen. Dis lekker om na foto's te kyk en met ons leerlinge te spog. Bly ook op hoogte met die nuutste gebeure.

PREFEKTE VIR 2019 AANGEWYS
Baie geluk aan die volgende leerlinge wat as prefekte vir 2020 gekies is: (In alfabetiese orde)

Raylynn Adams, Taluschka Boshoff, Milayka Fourie, Alyssa Grobbelaar, Lana Neethling, Chavonne Pieterse, Anke Rossouw **(hoofdogter)**, Mikayla Schoultz, Annika Smit, Tania van der Rijst, Karla van Rooyen, **Chanté Victor (onderhoofdogter)**, Deon Barnard, Jan-Hendrik Bezuidenhout, Keagan Crocker, **Jaden Juta (hoofseun)**, **Enrico Meyer (onderhoofseun)**, Kevin van Coller en Danté Weideman.

PREFEK-VERKIESINGSPROSEDURE
- Ons erken dat elke leerling oor die potensiaal beskik om eendag tot 'n uitmuntende leier te ontwikkel.
- Ons erken ook dat elke leerling nog maar net kind is met sy/haar eie tekortkominge.
- Slegs dit wat die leerling al by die skool ten toon gestel het, en geen buite faktore nie, mag in aanmerking geneem word.
- Al die opvoeders wat met die graad 6-leerlinge werk, nomineer moontlike kandidate.
- Die graad 6-leerlinge nomineer moontlike kandidate.
- Die kandidate wat die meeste stemme gekry het wanneer die leerlinge en onderwysers se stemme bymekaar getel word, is dan die prefekte.
- Die hoofleiers word vanuit die kandidate wat die beste deur die proses gekom het, d.m.v. 'n stemming deur die personeel en die prefekte self aangewys.
- Geen opvoeder wat 'n kind in graad 6 het, mag aan die proses deelneem nie.

Ek nooi ouers uit om 'n afspraak by die kantoor te maak indien u meer inligting verlang oor hoe u kind in die proses gevaar het.

VAKANSIENASORG: DESEMBER 2019
Ons bevestig graag dat die Desembervakansienasorg wel voortgaan.

Indien u kind nie in ons nasorg is nie en u wil graag daarvan gebruik maak stuur asb. e-pos na admin@lnpark.co.za om die vorm aan te vra.

Die voorgestelde tydperk is:

1. **Donderdag, 5 Desember 2019 tot Vrydag, 13 Desember 2019 (7 dae). (Skole sluit Woensdag, 4 Desember 2019)**
2. U moet asseblief ook onderneem om die nasorgtye nl. 07:30-17:30, stiptelik te eerbiedig.

Die tarief beloop R 350 per kind (R 650 vir 2 kinders) en is vooruitbetaalbaar.

Slegs leerlinge wie se vakansienasorggeld teen 29 November 2019, inbetaal is sal toegelaat word. Geen laat inskrywings sal aanvaar word nie, want ons reël toesig volgens die inskrywings.

BLOEDSKENK : 4 NOVEMBER 2019
Graag rig ons ‘n laaste versoek aan enigeiemand tussen 16 en 75 jaar om ons hierdie naweek by die betrokke bloedskenkklinieke te ondersteun of dan Maandag, 4 November vanaf 09:00 tot 15:00 in die skoolsaal. Sien die nuutste vorderingsverslag op die D6-kommunikeerder. Ons staan tans op 247 eenhede. Ons benodig dus nog 53 om die mikpunt van 300 vir die jaar te maak. Soos ons die Newtonparkgees ken, vertrou ons dat daar sommer ‘n 100 skenkings in die volgende 3 dae sal plaasvind wat die bloeddiens sal help in die feestyd wat voorlê. Byvoorbaat baie dankie!

SKOOLGELDE 2019
Baie dankie aan al die ouers wat gereeld hul skoolgelde betaal. Ek wil tog ‘n vriendelike beroep op diegene doen wat agterstallig is, om die verpligting wat betref u kind se skoolgelde, so spoedig moontlik na te kom. **Aan die einde van November moet al 2019 se skoolgelde klaar betaal wees.** Die skool is verantwoordelik vir sy eie rekeninge, want ons kry **minimale** hulp van die staat. **Indien daar nie deur ouers gereageer word deur hul skoolgelde te betaal nie, sal die beheerliggaam genoodsaak wees om verdere stappe te neem.** Die betaling van skoolgelde is ‘n wetlike verpligting (staatskoerant no. 29311). Indien u in gebreke bly om u skoolgelde te betaal, sal dit wetlik afgedwing word.

ELEKTRONIESE BETALINGS

REKENINGNAAM	**LAERSKOOL NEWTONPARK**
BANK	**ABSA**
REKENINGNOMMER	**1400490089**
TAKKODE	**632005**

Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en/of u kind se naam en van verskaf.
‘n Bewys van betaling moet per e-pos na fin@lnpark.co.za gestuur word.

GEDAGTE VIR DIE WEEK:

"Ek is die Alfa en die Omega", sê die Here God, Hy wat is en wat was en wat kom, die Almagtige.

Openbaring 1:8

Laat ons die wedloop wat vir ons voorlê, met volharding hardloop, die oog gevestig op Jesus, die Begin en Voleinder van die geloof.

Hebreërs 12:1-2

JJ. Pienaar
SKOOLHOOF
E-pos: skoolhoof@lnpark.co.za
Tel : 084693531

ALGEMEEN

BELANGRIKE DATUMS VIR VOLGENDE WEEK:

Die volgende **datums moet u asseblief op u kalender aanteken:**

Ma – 4 November	:	Klerewinkel: **07:30 – 12:00** Bloedskenk in die saal Krieket: 0/13B teen Clarendon Park **(t)** Kuns graad R – 2: **13:30 – 14:30** Kuns graad 3: **14:00 – 15:00** Kuns graad 4 – 7: **14:15 – 15:00** Gesamentlike finansiële komitee + beheerliggaam vergadering : **16:30**
Di – 5 November	:	Krieket: 0/11B teen Grey Slammers **(Police @ Old Grey)** Kuns graad R – 2: **13:30 – 14:30** Kuns graad 3: **14:00 – 15:00** Kuns graad 4 – 7: **14:15 – 15:00**
Wo – 6 November	:	**EKSAMEN:** Afrikaans Stelwerk graad 4, 5 en 7 **EKSAMEN:** LO graad 7 Klerewinkel: **12:00 – 14:30**
Do – 7 November	:	**EKSAMEN:** SW: Geskiedenis graad 4 – 7 Netheidsinspeksie Dance Kids-ballet graad R: **13:15**
Vr – 8 November	:	Klerewinkel: **07:30 – 12:00** **EKSAMEN:** Engels Stelwerk graad 4 – 7 **EKSAMEN:** Teg. graad 7
Sa – 9 November	**:**	Mini-Krieket Toernooi by Curro: 0/9A
So – 10 November	:	Juniorkoor optrede: Sonheuwels Gemeente Westering: **09:00**

SPORT & KULTUUR

KRIEKET

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
29 Oktober	0/9A	Verkenner	LNP teken 22 lopies vir 2 paaltjies aan. Verkenner teken 22 lopies vir 3 paaltjies aan. LNP wen 11 – 7
29 Oktober	0/9B	Verkenner	LNP teken 26 lopies aan en verloor 2 paaltjies. Verkenner teken 24 lopies vir 1 paaltjie aan. LNP verloor 13 – 24
29 Oktober	0/11B	Grey Kings	Grey Kings teken 61 lopies aan met 2 paaltjies plat in 13 boulbeurte. LNP teken 26 lopies almal uit aan. LNP verloor met net 35 lopies.
30 Oktober	0/13A		Gelvan Hub teken 138 lopies aan. Reinhardt Welman neem 3 paaltjies vir 24 lopies. LNP teken 97 lopies aan. LNP verloor met 41 lopies

TENNIS

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
29 Oktober	LNP Seuns A	Charlo A	LNP verloor 19 – 33
29 Oktober	Junior A	Mount Pleasant	LNP wen met 12 potte
29 Oktober	Junior B	Clarendonpark	LNP verloor met 8 potte

SA TRAMPOLIEN

Taleah van Deventer in graad 7D het Saterdag, 28 September, aan die SA Gym Games (Nasionale) wat in Kaapstad plaasgevind het, deelgeneem en soos volg presteer:

- Euro Trampoline – vlak 5 : 5de plek
- Double Mini Trampoline – vlak 5 : 6de plek

Baie geluk!

JIM FOUCHé ATLETIEK-BYEENKOMS



Jano Janse Van Vuuren in graad 4S het Saterdag, 26 Oktober, aan die Jim Fouché Atletiek-byeenkoms te Bloemfontein deelgeneem waar 47 skole deelgeneem het en soos volg presteer:

- Verspring: ‘n PB (persoonlike beste) van 4.03 meter – 4de plek
- 70m Hekkies: ‘n PB (persoonlike beste) van 15.03 sek. – 7 de plek

Baie geluk met hierdie uitstaande prestasie!